



# Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

## LUG JOU MENING

Voorleggings oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Omgewingsbestuurswette  
("National Environmental Management Laws Amendment Bill") [W 14D-2017]

en die

Wysigingswetsontwerp op Nasionale Bosse ("National Forests  
Amendment Bill") [W 11B-2016]

Die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement nooi belanghebbendes en belangstellende persone uit om voorleggings te maak oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Omgewingsbestuurswette ("National Environmental Management Laws Amendment Bill") [W 14D-2017] (INRVP) en die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Bosse ("National Forests Amendment Bill") [W 11B-2016] (INRVP).

Die doel van die **Wysigingswetsontwerp op Nasionale Omgewingsbestuurswette ("National Environmental Management Laws Amendment Bill")** is om sekere bepalinge in die wette gelys in die Wysigingswetsontwerp met betrekking tot onder meer Beskermdede Gebiede, Biodiversiteit, Luggehalte, Geïntegreerde Kusbestuur, Afvalbestuur en Nasionale Omgewingsbestuur te wysig ten einde vir duidelikheid en wysigings aan die teks voorsiening te maak.

Die doel van die **Wysigingswetsontwerp op Nasionale Bosse ("National Forests Amendment Bill")** is om die Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet 84 van 1998) te wysig om voorsiening te maak vir duidelike woordomskrywings van natuurlike bosse en boomvelde; om voorsiening te maak vir die openbare trusteeenskap van die nasie se bosbouhulpbronne; om die bevordering en afdwinging van volhoubare bosbestuur uit te brei; om die maatreëls waarvoor die Wet voorsiening maak om ontbossing te beheer en te herstel, uit te brei; om voorsiening te maak vir appèlle teen besluite geneem kragtens gedelegeerde bevoegdheid en pligte; om oortredings en strawwe te versterk en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Belangstellende persone en organisasies word uitgenooi om skriftelike voorleggings en versoeke om mondelinge aanbiedings oor sodanige skriftelike voorleggings te maak, by die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in te dien vir die aandag van me Shareen Niekerk, Prosedurebeampte, by e-pos: [sniekerk@wcpp.gov.za](mailto:sniekerk@wcpp.gov.za).

Belangstellende persone en organisasies wat 'n mondelinge voorlegging wil indien, kan dit doen deur dit as 'n stemnota op WhatsApp (selfoonnommer: 072 060 1064) te stuur. Mondelinge voorleggings moet volledige kontakbesonderhede (naam en van, e-posadres en kontaknommer) insluit en 'n duidelike aanduiding moet gegee word van watter wysigingswetsontwerp die kommentaar betrekking op het.

Skriftelike en mondelinge voorleggings moet die Staande Komitee bereik teen **nie later nie as Vrydag, 31 Julie 2020**.

Belangstellende persone en organisasies wat voor die Staande Komitee wil verskyn om mondelinge aanbiedings te maak, moet dit aandui teen **nie later nie as Vrydag, 17 Julie 2020 om 12:00**.

Kontak asseblief me Shareen Niekerk (tel: 021 487 1992 of e-pos: [sniekerk@wcpp.gov.za](mailto:sniekerk@wcpp.gov.za)) vir navrae of vir afskrifte van bogenoemde wysigingswetsontwerpe.

Die wysigingswetsontwerpe is op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste ([www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)) beskikbaar. Die skakel vir die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Omgewingsbestuurswette ("National Environmental Management Laws Amendment Bill") is: <https://www.wcpp.gov.za/sites/default/files/NEMLA%20BILL%2014D%202017.pdf>, en die skakel vir die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Bosse ("National Forests Amendment Bill") is: <https://www.wcpp.gov.za/node/8089>.

**Uitgereik deur mnr AP van der Westhuizen (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.**